Een Man Kan ‘n vaderfiguur wees



Een man kan seuns vroeg en dikwels leer om vroue en meisies te respekteer.



AKSIEBLAD:
VADERS / MENTORS

Die seuns in jou lewe het jou tyd en energie nodig. Jou seun, kleinseun, neef, jonger broer, sowel as die seuns wat jy afrig en dié vir wie jy 'n mentor is. Almal van hulle het jou nodig om te groei tot gesonde jong mans wat die vroue en meisies in hulle lewens respekteer.

Seuns in Suid-Afrika raak groot blootgestel aan van die hoogste vlakke van huishoudelike geweld en verkragting enige plek ter wêreld. Hulle ervaar ook hoë vlakke van geweldsmisdaad. Hiermee saam hoor hulle skadelike boodskappe oor wat dit beteken om "'n man te wees" - wat insluit dat hulle taai moet wees, "in beheer", dat hulle baie seksuele maats moet hê en nooit om hulp moet vra nie.

Seuns het in werklikheid jou raad en bystand nodig om hulle te help om sin te maak uit hulle wêreld. Hulle het jou nodig om hulle al die boodskappe te help verstaan wat hulle kry oor wie hulle veronderstel is om te wees en hoe hulle veronderstel is om op te tree. Dit is veral waar wanneer dit kom by hulle sienings van verhoudings en hoe hulle behoort op te tree teenoor vroue en meisies.

Seuns hou dop hoe jy en ander mans optree teenoor vroue om uit te werk wat hulle eie houding teenoor meisies moet wees. Leer dus seuns vroeg, en leer hulle dikwels, dat daar geen plek in 'n verhouding is vir geweld nie.

Een man kan 'n positiewe rolmodel wees:

Een Man Kan hulle vroeg leer. Dit is nooit te vroeg om met 'n kind oor geweld te praat nie. Laat hom weet hoe jy dink hy uiting behoort te gee aan sy woede en frustrasie - en wat nie aanvaarbaar is nie. Praat met hom oor wat dit beteken om regverdig te wees en om ander met respek te behandel.

Een Man Kan daar wees. As dit op een ding neerkom wat jy kan doen, is dit dit. Om net by seuns te wees is deurslaggewend. Die tyd hoef nie op aktiwiteite bestee te word nie. Seuns sal dit waarskynlik nie direk sê nie - maar hulle wil 'n manlike teenwoordigheid om hulle hê, selfs as min woorde gewissel word.

Een Man Kan luister. Hoor wat hy te sê het. Luister hoe hy en sy vriende oor meisies praat. Vra hom of hy al ooit mishandeling onder sy vriende gesien het. Is hy bekommerd oor enige van sy vriende wat in hulle verhoudings seergemaak word? Maak enige van sy vriende iemand anders seer?



Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemanca



Een Man Kan verduidelik hoe. Leer hom maniere om sy woede uit te druk sonder om geweld te gebruik. Sê vir hom dat hy, wanneer hy kwaad word, dit kan afstap, uitpraat, of 'n breek kan neem. Laat hom weet dat hy altyd na jou toe kan kom as hy wil praat. Gee hom voorbeelde van gesonde dinge wat hy kan sê of doen om geweld te voorkom.

Een Man Kan by die werklikheid hou. 'n Kind sal waarskynlik nie na jou toe kom om raad te vra oor hoe om vroue te behandel nie. Maar dit beteken nie dat hy dit nie nodig het nie. Probeer om saam met hom tv te kyk, of na sy musiek te luister. As jy dinge sien of hoor wat geweld teen vroue aanmoedig, moet jy hom laat weet wat jy daarvan dink. Moet nooit huiwer om hom te laat weet dat jy bekendes afkeur wat nie vroue respekteer nie, en dat jy nie hou van grappies, videospeletjies en woorde van liedjies wat vroue verneder nie. En wanneer dit tyd raak vir afsprake, moet jy seker maak dat hy weet dat dit belangrik is om meisies met respek te behandel.

Een Man Kan verantwoordelikheid aanvaar. As jy geweldadig opgetree het in jou eie verhouding en veral as jou kind blootgestel was aan jou geweld, is dit uiters belangrik dat jy verantwoordelikheid aanvaar vir jou optrede. Huishoudelike geweld verwar kinders dikwels, en dit is dus uiters belangrik dat jy erken dat die geweld verkeerd was en dat dit nie die kind se skuld of jou maat se skuld was nie. Verduidelik dat jy nie weer geweld sal gebruik nie. Hou dan woord.

Een Man Kan hom dikwels leer. Jou werk is nie afgehandel as daardie eerste gesprek agter die rug is nie. Help hom om probleme in verhoudings uit te werk soos hulle opduik. Laat hom weet dat hy kan terugkom en weer enige tyd met jou kan praat. Gebruik elke geleentheid om die boodskap in te prent dat geweld geen plek het in 'n verhouding nie.

Een Man Kan 'n rolmodel wees. Pa's, afrigters en enige man wat tyd saam met seuns en tieners deurbring sal die grootste impak hê as hulle die daad by die woord voeg. Hulle sal leer wat respek beteken deur dop te hou hoe jy ander mense behandel. Maak dus respek die manier waarop jy teenoor mense optree - wanneer jy in verkeer bestuur, met verkoopsmense praat, in restaurants met kelners, en met jou gesin om die tafel. Hy hou dop wat jy sê en doen en leer by jou, beide die goeie en die slegte. Wees bewus van hoe jy uitdrukking gee aan jou woede. Laat hom weet hoe jy 'n gesonde verhouding sien en behandel altyd vroue en meisies op 'n manier wat jou seun kan bewonder.

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Hoe om dié Aksietoerusting te gebruik:

Die Eenman-aksietoerusting sluit materiaal in wat jou sal help om ander mans te motiveer om standpunt in te neem teen huishoudelike en seksuele geweld. Daar is 'n t-hemp, plakkers en plakkate wat jy in jou kantoor en jou huis kan opplak. Daar is ook 'n aantal feiteblaaie wat jou idees sal gee oor hoe om aktief te raak, en hoe om 'n oorlewende te steun.

Vir inligting oor waar om steun te kry, soek deur die Diensverskaffersgids in die Een Man Kan-aksietoerusting, of besoek ons webwerf

www.genderjustice.org.za/onemancan

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Photos by Louise Gubb • Oscar Guiterez • Dean Peacock
Design by Limeblue +27 11 482 9470